**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0035 | 971015288 | 8 | 13198 |

15 OCT 1997

Beeld Jg........ Nr........ P. 10 Dat........

TREFWOORDE

1 Verdaging

2 AHI

3 Voorlegging

4 Kommissie vir Waarheid

5 Apologie

6 Skadeloosstelling

7 Geleentheid

8

9

10

# AHI-voorlegging

Daar is heelwat stof tot nadenke in die voorlegging wat die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) aan die WVK gedoen het.

Die voorlegging sal nie net die WVK nie, maar ook almal wat vorentoe Suid-Afrika se verlede wil beskryf en verstaan, help om 'n beter perspektief te kry van hoe die vurk in die hef gesteek het.

Dit is nuttig dat daar nou uit 'n Afrikaanse sakeperspektief – op die aangewese plek – verduidelik is waarom sake in die apartheidsera op 'n bepaalde manier verloop het, asook dat erkennings gedoen is oor versuime en dat 'n opregte apologie aangebied is.

Dit is 'n heel oorspronklike voorstel dat die opgehoopte fondse van Sasria, die instelling wat individue en ondernemings verseker het teen skade voortspruitend uit politieke optrede, gebruik word vir reparasie aan die slagoffers van apartheid.

Al is dit 'n sagte opsie omdat die AHI of sy lede nie self regstreeks die hand in die sak sal hoef te steek nie, is dit 'n voorstel wat oorweging verdien.

Die AHI het sy deel gedoen om die WVK-proses vorentoe te vat – en die land nader aan die punt waar die boeke van die verlede finaal toegemaak kan word.